water & forestry
Department:
Water Affairs and Forestry
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# MOKOLO- EN KROKODILRIVIER (WES) WATER AANVULLINGS PROJEK

## Notule van die Mokolo Grondeienaar Besprekings Vergadering

**DATUM:** 05 Maart 2009
**TYD:** 15h00 to 17h30
**PLEK:** Ashante Konferensie Fasilitiete
**VOORSITTER:** Mr. Amelius Muller
**FASILITEERDER:** Mr. Salomon Pienaar

### Teenwoordig:

| Naam | Organisasie | Kontak Nommer | Vonkpos / Faks Nommer |
|---|---|---|---|
| A. Muller (AM) | V/W Ninham Shand | 012 991 2636<br>082 807 4341 | amelius@arkateq.com |
| Johan Pienaar (JP) | Africon | 012 427 2537 | johanpie@africon.co.za |
| S. Pienaar (SP) | Nemai Consulting | 011 781 1730<br>073 183 1722 | salomonp@nemai.co.za |
| Guy Emslie (GE) | Fancy 556 LQ | 082 853 6288 | |
| T. Schoeman (TS) | Grootgenoeg | 014 717 2386 | |
| Willie du Plessis (WP) | EXXARO | 071 603 8844 | willieduplessis@exxaro.com |
| R. Viljoen (RV) | Wolwefontein (Sable Hills) | 082 768 6840 | info@sablehillseco.co.za |
| M. Schoeman (MS) | Goedehoop | 014 763 3396 | |
| J. Pelser (JPE) | Steenbokpan Rustig | 014 766 0245 | |
| J.J. du Plessis (JD) | Goedgedacht | 014 763 3731 | |

**Verskonings**:

| Naam | Organisasie | Kontak Nommer | Vonkpos / Faks Nommer |
|---|---|---|---|
| J.G. Emslie | Goedehoop 552/R LQ | 014 763 5937 | Werner.emslie@exxaro.com |
| Koos Venter | Toezight 323 LQ | 014 766 0251 | |
| Elen Pugh | Minnarspan 322 LQ | 014 766 0237/ 082 807 4657 | |
| Shorty Pontes | Kringgatspruit 318 LQ | Assis Pontes (Son) 083 325 3716 | Assis.pontes@pamgolding.co.za |
| M.C. Erasmus | Worchester 519, Gedeelte 1 en Altoostyd 506 | 014 763 3692 | |
| Susan Pretorius | Worchester 519, Gedeelte 5 | 083 304 0211 | |

## 1. VERWELKOMING EN BEKENDSTELLING

Mr. Salomon Pienaar (SP), het die vergadering geopen en almal verwelkom. Daarna is die res van die projekspan teenwoordig, naamlik Mr. Amelius Muller (AM) van Ninham Shand en Mr. Johan Pienaar (JP) van Africon aan die vergadering voorgestel.

SP noem dat Nemai Consulting aangestel is om die Omgewings Impak Studie te doen vir die genoemde projek. Daar is ook genoem dat JP van Africon verantwoordelik is vir die tegniese module van die projek. AM verteenwoordig Ninham Shand wat verantwoordelik is vir die koordinering van die projek.

## 2. AANVAARDING VAN DIE AGENDA

Die besprekingspunte op die agenda is genoem en aanvaar.

## 3. DOELWITTE VAN DIE VERGADERING

Die riglyne wat gevolg moet word vir die vergadering is bespreek.

Die doel van die vergadering is die volgende:

1. Oordra van inligting vir grondeienaars op Fase 1 van die projek;
2. Spesifieke vrae wat vooraf gestel was te beantwoord;
3. Verdere besprekings omtrent die projek; en
4. In beginsel instemming om toegang te verkry vir die uitvoer van geotegnieseondersoeke.

## 4. VOORLEGGING

| Item No | Item | Aksie |
|---|---|---|
| **4.1.** | **AM:** die struktuur bestaan uit 'n Tegniese Module, Omgewings en Publieke Deelname, Institutionele- en Finansiële Modules, Sosio-ekonomiese Modules asook moontlike ander modules. | |
| **4.2.** | **AM:** Die water wat gebruik gaan word is surplus water wat nie natuurlik in die opvanggebied sou gewees het nie en dat die benutting daarvan nie ander lande stroom af sal beinvloed nie, behalwe as daar opgaar fasiliteite geskep word soos wanneer 'n dam bv. gebou word. | |
| **4.3.** | **AM:** Gestruktureerde deelname van al die bogenoemde partye sal noodsaaklik wees vir die uitvoerbaarheidstudie. Verteenwoordigers om op die Loodskomitee te dien is reedsl deur al diè rolspelers aangewys | |

## 5. TEGNIESE AGTERGROND EN VORDERING

| Item No | Item | Aksie |
|---|---|---|
| **5.1.** | *Agtergrond* | |
| **5.1.1.** | **AM** gee agtergrond oor die moontlike gebruikers van die beplande water aanvullingsprojek wat ondermeer die volgende insluit:<br>i. Medupi- en veredere kragsentrales; | |

| Item No | Item | Aksie |
|---|---|---|
| | ii. Mynbou;<br>iii. Petro-chemiese industrieë; en<br>iv. Lephalale Munisipaliteit (moontlikheid van ‘n nuwe dorp was genoem).<br>v. Sekondêre Nywerhede | |
| **5.1.2.** | **AM:** Die beplande nuwe ontwikkeling is hoofsaaklik in die Steenbokpan area aangedui, maar die presiese posisies van die ontwikkeling is nog nie gefinaliseer nie. | |
| **5.2.** | *Bronne* | |
| **5.2.1.** | Moontlike bronne vir die water behoeftes bestaan uit:<br>i. Mokolodam<br>ii. Uitvloeisels in die Krokodil Stelsel<br>iii. Grondwater<br>iv. Beter benutting van water | |
| **5.2.2.** | **AM:** Meer water word vanuit die stedelike areas in Gauteng vrygestel om diè waterbron aan te vul. Noem dat die stedelike areas, wat hoofsaaklik uit Johannesburg en Pretoria (die Rand gebied) bestaan meer water vanuit ander opvang gebiede verkry soos die Lesotho Hoogland Skema en die Tugela-Vaal Skema. Dus word meer water vrygestel uit rioolwerke en industrieë in die Rand gebied en die water loop dan in die Krokodilrivier-stelsel in. Hartebeespoortdam se lewering neem toe in kontras met ander damme waar die water lewering afneem as gevolg van die nuwe ontwikkelings. | |
| **5.2.3.** | **AM:** Noem dat grondwater onvoldoende sal wees as ‘n langtermyn bron alhoewel daarna gekyk kan word vir huishoudelike gebruik of op ‘n interim basis vir konstruksie doeleindes.<br>Klem is gelê op die beter benutting van die bestaande gebruik en | |

| Item No | Item | Aksie |
|---|---|---|
| | dat groot hoeveelhede water so bespaar kan word. | |
| **5.3.**<br>**5.3.1.** | *Opsies wat ondersoek word*<br>**AM:** Die volgende opsies vir waterlewering word tans ondersoek:<br>A. Mokolo Oordrag Stelsel<br>Noem dat die dam se lewering onvoldoende is vir die toenemende aanvraag. Noem ook dat die dam se water van 'n goeie kwaliteit is en dus nie met water vanuit die Krokodil Stelsel gemeng behoort te word nie. Die dam kan ook as 'n rugsteen dien vir die stelsel waartydens die water aan korttermyn behoeftes kan voldoen.<br>Noem dat die ontwikkeling van Mokolodam as Fase 1A en 1B gedefinieer is. Vir Fase 1A is twee opsies tans oorweeg :<br>1. **Fase 1A:** Mokolo Oordrag stelsel wat bestaan uit (i) 'n tweede pyplyn vanaf Mokolodam; of (ii) die konstruksie van 'n uitkeerwal in die Mokolorivier plus 'n pyplyn na die bedieningsgebied. Laasgenoemde opsie is nie die gewensde oplossing nie weens die verdampings- en infiltrasie verliese wat in die rivier gaan plaasvind.<br>2. **Fase 1B:** Verhoging van die Mokolodam wat probleme en vertragings tot gevolg sal hê met internasionale aspekte soos voldoening aan die Suider Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (SADC) Protokol met betrekking tot gedeelde opvanggebiede.<br>*B.* Krokodil (Wes) oordrag stelsel | |
| **5.4.**<br>**5.4.1.** | *Voorgestelde ge-fasseerde ontwikkeling*<br>**AM:** Die projek gaan in verskillende fases aangepak word om betyds water te kan voorsien aan die beplande ontwikkeling. Die projek bestaan uit die volgende fases:<br>• Fase 1A: Aanvulling vanaf Mokolodam<br>• Fase 1B: Moontlike verhoging van Mokolodam (langer | |

| Item No | Item | Aksie |
|---|---|---|
| | termyn).<br>• Fase 2: Oordragskema vanaf Vlieëpoort.<br>• Fase 3: Moontlike pyplyn vanaf Boschkop | |
| **5.4.2.** | **AM** noem die vordering van die Tegniese Module tot datum is soos volg: die eerste uitvoerbaarheidstudie is reeds ingehandig terwyl die finale uitvoerbaarheidstudie omtrent in Julie 2009 ingehandig sal word. | |
| **5.4.3.** | **AM** noem Nemai Consulting is in Januarie 2009 aangestel om die Omgewings Impak Studie te doen vir die projek en dat hulle reeds begin het met die insameling van inligting vir die publieke deelname proses en die omgewings aspekte. | |
| **5.4.4.** | **AM** noem daar is ‘n Loodskomitee gestig om na al die verskillende aspekte van die studie in ‘n geheel te kyk. Noem dat die Loodskomitee reeds op 3 Februarie 2009 vergader het om die projek te bespreek. | |
| **5.5.** | Belangrike projek datums: | |
| **5.5.1.** | Fase 1A<br>• Uitvoerbaarheid Studie: Februarie 2009<br>• Voltooiing van ontwerpe: September 2009<br>• Begin van konstruksie: Januarie 2010<br>• Gedeeltelike lewering: Augustus 2010 | |
| **5.5.2.** | Fase 2<br>• Uitvoerbaarheid Studie: Julie 2009<br>Eskom het aangedui dat hulle wil hul eerste eenhede (turbines) by Medupi Kragsentrale begin toets in Julie 2010, waarna hulle die uitstaande 5turbines in intervalle van 5-6 maande in werking sal bring. Medupi bestaan dus uit 6 turbines wat min of meer oor ‘n periode van twee jaar almal in werking gestel sal word. | |

| Item No | Item | Aksie |
|---|---|---|
| **5.5.3.** | *Opmeting, geo-tegniese opnames en grondondersoeke:*<br>AM noem dat weens die tydsdruk is daar al reeds met die Geo-tegniese ondersoeke begin. | |

**6. BESPREKINGS KWESSIES**

| Item No | Item | Aksie |
|---|---|---|
| **6.1.** | *Moontlike impakte op grondeienaars:* | |
| **6.1.1.** | Uitkeer struktuur: AM noem dat die uitkeer struktuur in Fase 1 in die Mokolo rivier nie op die stadium meer ‘n opsie is nie. | |
| **6.1.2.** | Kanaal/ pyplyding:<br>**AM** noem daar word nie meer na ‘n kanaal as ‘n opsie gekyk nie. Pyplyne word wel na gekyk. | |
| **6.1.3.** | Pyplyn roetes:<br>**AM** noem dat die verskillende pyplyn roetes in geval van die Mokolo reeds bepaal is. Daar is kwessies oor waar die leengroewe moet kom, wat die serwitute gaan behels asook die vergoeding, en ander kwessies wat die grondeienaars direk gaan raak. | |
| **6.2.** | **AM** noem dat daar na die vrae wat deur die grondeienaars tydens die indivuduele besoeke gestel was, gekyk is en dit sal die basis van die bespreking vorm. | |
| **6.3.1.** | **GV** vra wat gaan met die ekstra water gebeur wat deur die nuwe ontwikkelings vrygestel gaan word. Wil weet of die besoedelde water in hulle riviere gestort gaan word? | |
| **6.3.2.** | **AM** noem dat weens die hoë kostes van die water, sal die | |

| Item No | Item | Aksie |
|---|---|---|
| | gebruikers daarvan basies geforseer word om dit optimaal te hergebruik. | |
| **6.4.** | *Serwituut* | |
| | **JP** noem dat die serwituut wat benodig word vir die konstruksie fase ongeveer 30 meter sal wees. Noem ook dat hy op die stadium vermoed dat die bestaande serwituut wyer gemaak sal moet word by sekere plekke aangesien die nuwe pyplyn basies op die kant van die bestaande sewituut gaan lê en hulle dan weer 'n dienspad langs die nuwe pyplyn sal moet bou. Noem dat die bestaande pyplyn sewituut slegs 15 meter breed is. Noem ook dat waar plofstof gebruik moet word, die werk waarskynlik nie tot die bestaande sewituut beperk sal kan word nie. Noem dat die verbreding van die bestaande sewituut dus op die stadium 'n waarskynlikheid is. Besvestig ook tydens die vergadering dat die nuwe pyplynroete op plekke kan verskil van die bestaande pyplynroete, byvoorbeeld die styglyn van die Mokolodam af tot by Wolwefontein. Weens beperkte ruimte langs die bestaande pyplyn sowel as risiko's verbonde aan die konstruksie proses, word daar tans gekyk na 'n roete langs die bestaande pad af na die dam. Tydens konstruksie sal die pad steeds vir verkeer oopgehou moet word om toegang na die dam te verseker. | |
| **6.5.** | *Sekuriteit en Toegang* | |
| **6.5.1.** | **GE** vra oor hoe die boere verseker gaan wees oor die sekuriteit van hulle wild op hul wildsplase tydens die konstruksie fase. | |
| **6.5.2.** | **JP** noem dat dit eers gefinaliseer sal word sodra die spesifieke kontrakteur aangestel is. Die kontrakteur sal sy werkswyse self moet kies, maar aar sal streng maatreëls gestel moet word aan die kontrakteur om basies te hou by wat in die Omgewings Bestuurs Plan neergelê is. | |

| Item No | Item | Aksie |
|---|---|---|
| | Tydens die vergadering is versoek dat streng kontrole en toesig gehou moet word vir toegang tot die plase. | |
| **6.5.3.** | **JP** noem dat die toesig met betrekking tot byvoorbeeld die gebruik van chemiese toilette, rommel strooiing, strikke stel en so meer vereis word volgens Omgewings Wetgewing en Beroepsgesondheid en Veiligheids Wetgewing en dat onafhanklike partye aangestel sal word om die kontrakteur te moniteer. Noem ook dat die kontrakteurs tydens die verpligtetender tereinbesoek reeds die maatreëls in ag moet neem sodatdaar in die tender dokument daarvoor voorsiening gemaak kan word. Die kontrakteur moet dus al sy risiko's in ag neem en dit dan bestuur. | |
| **6.5.4.** | **JP** noem dat hy kan voorsien dat daar probleme gaan wees met die ooplos van hekke en toegang tot plase. Noem dat die werks-area tydens die konstruksie periode moontlik toegespan sal moet word. | |
| **6.5.5.** | **WD** noem dat spesifikasies opgestel sal moet word vir die kontrakteur waarin al die kwessies soos toegang, toespan van oop uitgrawings ensomeer in vervat moet word. Noem ook dat die kontrakteur tydens sy konstruksie fase die lengte en hoeveelheid van oop uitgrawings tot di minimum moet beperk. Die kontrakteur sal dus moet verseker dat die uitgrawing-, pyplê- en terugvullingsproses kop-aan-kop moet loop. | |
| **6.6.** | *Water Aftappunte* | |
| **6.6.1.** | **AM** dui aan dat die aanduiding wat hy van die Departement van Waterwese en Bosbou kry is dat die grondeienaars moet aansoek doen vir water aftappunte, waarna dit oorweeg sal word. Die aftappunte sal slegs wees vir huishoudelike gebruik en | |

| Item No | Item | Aksie |
|---|---|---|
| | veesuipings en dat die water te duur sal wees vir besproeiings doeleindes. | |
| **6.6.2.** | **AM** noem voorwaardes vir aftappunte. Die nuwe pyplyn sal aan die Departement van Waterwese en Bosbou behoort en daar dus nuwe ooreenkomste opgestel sal moet word tussen die pypeienaar en die grondeienaar. | |
| **6.6.3.** | **WD** dui aan dat die grondeienaars presies sal moet aandui waar hulle die aftappunte wil hê aangesien dit vooraf in die pyplyn ontwerp vervat moet word en dat dit nie agterna verander kan word nie | |
| **6.6.4.** | **MS** stel voor dat die huidige grondeienaars moet klaar ‘n nuwe aftappunt kry langs hul bestaande punt en indien hulle ‘n verdere aftappunt sou wou hê hulle dan aansoek daarvoor moet doen by die Departement van Waterwese en Bosbou. Die voorstel is ook deur die projekspan tydens die vergadering ondersteun. | |
| **6.6.5.** | **GE** noem hy het ‘n kontrak met Exxaro dat hy verseker is van water uit die bestaande pyplyn. Noem dit is dus Exxaro se verantwoordelikheid om te sorg dat daar altyd water vir die grondeienaars beskikbaar is. Noem ook dat aangesien daar ‘n nuwe pyplyn gaan wees, boere ekstra vergoeding of water sal moet kry uit die nuwe pyplyn as kompensasie. | |
| **6.6.6.** | **WD** noem Exxaro sal in die toekoms herstelwerk moet doen op die bestaande pyplyn en dat dit sal begin sodra die nuwe pyplyn in werking is. Noem ook die bestaande pyplyn is slegs vir skedule 1 verbruik, wat insluit huishoudelike gebruik sowel as gebruik vir veesuipings. Noem die hoeveelheid aftappunte op ‘n plaas hang af van die lengte van die pyplyn op ‘n betrokke plaas sowel as die | |

| Item No | Item | Aksie |
|---|---|---|
| | gebruik van die water uit die aftap. | |
| **6.7.** | *Toekening van water:* | |
| **6.7.1.** | **WD** bevestig dat die huidige verbruikers (vanaf die Exxaro pyplyn) by die aftappunte geregtig is op 150m$^3$ water per maand en dat die lewering daarvan 1 liter per sekonde teen 1 BAR druk is. Noem die druk kan opgestoot word maar dat dit dan die grondeienaar se verantwoordelikheid is om sy pype op te gradeer. Die water meters word elke drie maande gelees Indien daar 'n oorontrekking is, word die verbruiker gewaarsku en indien die verbruik uitermatiglik meer is as wat toegelaat word –sal hy skriftelik gewaarsku word alvorens verdere stappe geneem word. | |
| **6.7.2.** | **GE** vereis dat 'n afsny datum vir die aansoeke van die addisionele aftappunte vroegtydig aan die grondeienaars gegee moet word. | |
| **6.7.3.** | **JP** noem dat die vergadering net in ag moet neem dat die projek tans nog in die uitvoerbaarheidstudie fase is waar daar gekyk word na die kostes van die verskillende opsies. Die aftappunte sal tydens die detail ontwerp stadium van die projek gefinaliseer word. | |
| **6.8.** | *Kostes* | |
| **6.8.1.** | *Installasie koste*:<br>**WD** noem dat die installasie koste van die aftappunte grootliks deur Exxaro tydens die aanbou van die bestaande pyplyn gefinansier was. Die boere betaal slegs 'n minimale aansluitings koste. | |
| **6.8.2.** | *Lopende koste:*<br>**WD** noem dat die verbruiker elke drie maande 'n rekening | |

| Item No | Item | Aksie |
|---|---|---|
| | gestuur word.<br><br>**AM** noem dat die diensverskaffer van die nuwe pyplyn nog ge-identifiseer moet word deur die projekspan van die Institutionele Module.Die grondeienaars sal die nuwe dienspad kan gebruik en dit sal die diensverskaffer se verantwoordelikheid wees om die pyplyn en die pad in stand te hou.<br><br>**AM** noem dat die verskil in tarief tussen die ou en nuwe pyplyn se water nog voorgelê sal moet word aan die Departement van Waterwese en Bosbou en dat daar terugvoering aan die huidige verbruikers gegee sal moet word. | |
| **6.8.3.** | *Vergoeding aan grondeienaars en water lewering:*<br>**AM** noem dat die Departement van Waterwese en Bosbou in al hul ander projekte nie 100% waterlewering verseker aan die verbruiker nie. Die gebruiker moet self voorsiening maak vir periodes waartydens daar nie water gelewer kan word nie byvoorbeeld as gevolg van kragonderbrekings, inspeksieperiodes, ensovoorts.<br><br>**AM** noem die water in die nuwe pyplyn is rou water (dam water) en dus nie drinkwater nie. Hy noem ook dat die grondeienaars op die roete tussen Zaaihoek en Steenbokpan, in ag moet neem dat die nuwe pyplyn in hul area op ‘n latere stadium Krokodilrivier water sal lewer aangesien die vloei rigting van die pyplyn omgekeer gaan word. Die water sal van ‘n swakker gehalte wees. Dit sal ongeveer oor 4-5 jaar gebeur.<br><br>**WD** noem volgens die bestaande Exxaro waterlewerings kontrakte met die onderskeie grondeienaars, Exxaro nie deurlopende watervoorsiening verseker nie, maar dat hulle wel | |

| Item No | Item | Aksie |
|---|---|---|
| | die boer in kennis sal stel indien daar ‘n periode van 72 uur of langer is waartydens water nie gelewer sal kan word nie. | |
| | **JP** noem die kompensasie vir die serwituut van die pyplyn sal nog onderhandel word met die grondeienaars. Noem dit sal gedoen word deur TCTA en dat hulle evalueerders sal uitstuur om die waardasies te doen. Noem ook dat die huur van die grond ‘n moeilike administratiewe proses sal word en dat ‘n eenmalige kompensasie voorkeur sal geniet. Noem ook dat die waardasie van grond indivudueel gedoen sal word met elke grondeienaar alvorens die finale gedetaileerde ontwerpe ingehandig word. | |
| **6.9.** | *Leengroewe:* | |
| **6.9.1.** | **JP** noem die doel van die leengroewe is om die geskikte material te kry vir die lê van die pype. Noem dat indien die materiaal uit ‘n bestaande dam bruikbaar is, sal daarna gekyk word aangesien dit goedkoper kan wees. In antwoord op die vraag of ‘n leengroef in ‘n dam omskep kan word, wys hy daarop dat die kwaliteit van die water versleg en daarom, uit omgewings-oorwegings, nie aanbeveel word nie. ‘n Leengroef behoort self-dreienerend te wees en dat die onus op die grondeienaar sal wees om die leengroef toe te maak om dit as ‘n dam te gebruik. Rehabilitasie van die leengroewe sal aangespreek word volgens die relevante Omgewings-wetgewing. | |
| **6.9.2.** | **AM** noem dat daar ‘n vraag was oor wat gaan gebeur met die rots materiaal wat uitgehaal gaan word vir die pyplyn. Noem dat dit waarskynlik nie soos voorheen bo-op die pyplyn geplaas gaan word nie en dat die rotse gebruik kan word by die rehabilitasie van die leengroewe. | |

| Item No | Item | Aksie |
|---|---|---|
| **6.9.3.** | **WD** noem ander alternatiewe vir die rotse is om dit te breek in ‘n breker, weg te vervoer of om dit soos voorheen bo-op die pyplyn te plaas. | |
| **6.9.4.** | **JP** noem dat die konstruksie metode van die spesifieke kontrakteur sal afhang, mits dit aan die relevante Omgewings Wetgewing voldoen. TCTA, wat die implimentering van die projek namens die staat gaan onderneem, is ‘n semi-staatsinstansie wat die geld leen op die opemark. Die partye wat die geld voorskiet, kyk baie goed na die vorige sukses van die geldleneren daarom sal TCTA baie streng toesig hou oor te wyse waarvolgens hul projekte uitgevoer word. | |
| **6.10.** | *Toetsgate:* | |
| **6.10.1.** | **JP** noem die doel van die toetsgate is om vas te stel watter grondtoestande verwag kan word. ‘n Kontrakteur word aangestel om die gate grawe waarna ‘n Geoloog die spesifieke grondprofiel in die gat moet aanteken. Die gat sal dus soms vir ‘n tydjie mag oopstaan alvorens die Geoloog daar kan uitkom. | |
| **6.10.2.** | **SP** noem dat die kontrakteur waarskynlik die gate fisies sal moet toespan om te verhoed dat vee/ wild daarin val sou die gat oop gehou word. | |
| **6.10.3.** | **AM** noem dat dit in die kontrakteur se kontrak gestel sal word wat hy moet doen (byvoorbeeld die uitgrawings toespan) maar nie hoe hy dit moet doen nie. Hy sal dus moet besluit watter metode hy gaan gebruik en dat dit dan deur die Terrein Ingenieur goedgekeur sal moet word. | |
| **6.11.** | *Klagte Beheerstruktuur* | |
| **6.11.1.** | **RV** versoek dat die klagte beheerstruktuur verduidelik sal word | |

| Item No | Item | Aksie |
|---|---|---|
| | aan al die geaffekteerde partye. | |
| **6.11.2.** | **WP** noem dat die prosedure oor hoe klagtes ingedien moet word sowel as hoe dit verder gehanteer moet word in die spesifikasie van die projek ingeskryf sal word. Hierdie spesifikasie sal dan deel uit maak van die Tender dokument wat op sy beurt die kontrak word wat met die Kontrakteur gesluit word. Hierdie prosedure is dus afdwingbaar deur middel van die kontrak. Daar sal ook ‘n kommunikasie prosedure vir spoedeisende gevalle in plek gestel moet word. | |
| **6.11.3.** | **AM** noem dat daar gewoonlik van die kontrakteur vereis sou word om ‘n klagteboek op terein te hê waarin enige klagtes deur die publiek ingeskryf kan word. Die klagtes sal maandeliks deel wees van die agenda wat deur die kontrakteur uitgeklaar sal moet word. | |
| **6.11.4.** | **GE** noem dat die kliënt vooraf foto’s moet neem van al die paaie, beton stroke op sommige paaie, hekke, heinings en fasilitieite wat deur die kontrakteur gebruik gaan word sodat dit na die konstruksie fase weer kan herstel word tot die toestand wat dit was voor die konstruksie fase. | |
| **6.11.5.** | **JP** noem dat dit in die kontrakteur se kontrak vervat moet word. Noem dat al die kontrakteus wat gaan tender vir die projek, vooraf tydens die tender stadium, ‘n verpligte terrein besoek deur die hele pyplyn roete sal gaan om vas te stel waarvoor hy presies moet tender. Dit sal dan insluit onder andere vervanging van strukture, paaie, ensovoorts.<br>Daar sal ook ‘n ooreenkoms opgestel word tussen Exxaro en | |

| Item No | Item | Aksie |
|---|---|---|
| | TCTA oor die toegang na die beplande pyplyn roete. | |
| 6.11.6. | **AM** noem dat die bywoning van die terreinvergadering verpligtend sal wees volgens die tender dokument en dat die kontrakteus dus gediskwalifiseer sal word indien hulle nie die terreinvergadering sou bywoon nie. | |

## 7. OMGEWINGS IMPAK STUDIE

| Item No | Item | Aksie |
|---|---|---|
| 7.1. | **SP** noem dat Nemai Consulting aangestel is om die Omgewings Impak Studie te doen en dat hulle beplan om die aansoekvorms gedurende die week van 16 Maart 2009 in te handig by die Department van Omgewingsake. Noem dat die Publieke Deelname proses daarna sal begin waartydens al die potensieël geaffekteerde partye geidentifiseer en in kennis gestel sal word van die projek. Noem ook dat daar verdere publieke vergaderings sal wees en dat die geaffekteerde grondeienaars ook uitgenooi sal word. | |
| 7.2. | **SP** noem ook dat as deel van die Omgewings Impak Studie daar 'n Omgewings Bestuurs Plan ingehanding sal word vir goedkeuring deur die Department van Omgewingsake. In die plan sal kwessies soos ablusie geriewe, konstruksie kampe, afval beheer, stel van strikke ensomeer aangespreek word. | |
| 7.3. | **SP** noem ook dat daar onafhanklike Omgewings Konsultante en Beroepsgesondheid en Veiligheids Konsultante aangestel sal word wie verantwoordelik sal wees vir die monitering van die Omgewings Bestuurs Plan en die relevante Beroepsgesondheid en Veiligheids Wetgewing. | |

## 8. AFSLUITING

**SP** het almal teenwoordng bedank vir hul deelname en insette. Die vergadering verdaag om 17h00.

HANDTEKENING EN AANVAARDING VAN NOTULES:

(1) Ninham Shand:

| ______________________________ | ______________________________ |
|---|---|
| Handtekening | Datum |

(2) Nemai Consulting:

| ______________________________ | ______________________________ |
|---|---|
| Handtekening | Datum |

(3) Landbou Sektor:

| ______________________________ | ______________________________ |
|---|---|
| Handtekening | Datum |